

# DISSIPELSKAP. LES 17

|   |       |
|---|-------|
| 1 | GEBED |
|---|-------|

*Bid* vir die leiding van die Gees van God, vir 'n bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor dissipelmaking toe aan die Here.

|   |                        |                                    |
|---|------------------------|------------------------------------|
| 2 | AANBIDDING (20 minute) | [KENMERK VAN GOD]<br>GOD IS GETROU |
|---|------------------------|------------------------------------|

Tema: God is getrou.

Gee vir elke lid van die groep een van die onderstaande Bybelverse. Laat 'n vers voorgelees word en bespreek dit dan kortliks of lê dit in jou eie woorde uit.

(1) Eksodus 34:6-7.

God bly getrou aan sy liefde, genade, geduld, getrouheid, waarheid en vergifnis. Maar God is ook getrou aan sy dreigement om sonde nie ongestraf te laat bly nie. Mense wat hulle nie bekeer nie, bly skuldig.

(2) Numeri 23:19.

God bly getrou aan sy Woord, besluite en beloftes.

(3) Psalm 33:4-5.

God bly getrou aan alles wat Hy doen. Hy het reg en geregtigheid lief.

(4) Psalm 33:10-11.

God bly getrou aan sy plan en sy doel in de Bybel.

(5) Psalm 40:1-3,9-10.

God is getrou en red my uit die modderige put.

(6) 1 Korintiërs 10:13.

God bly getrou as jy versoek word. Met elke versoeking (verleiding) of beproewing (toets) gee Hy 'n uitweg.

(7) Filippense 1:6 (1 Tessalonisense 5:23-24).

God is getrou en sal verseker klaarmaak wat Hy begin het.

(8) 2 Timoteüs 2:12-13.

Maar as jy ontrou is aan God en Hom verloën, sal Hy ook getrou bly aan sy dreigement en jou verloën.

(9) Hebreërs 10:23.

God is absoluut getrou aan sy beloftes in die Bybel.

(10) Hebreërs 11:6.

God sal elke mens (ook nie-Christene) wat Hom met erns soek, beloon. Mense wat die God van die Bybel soek, sal Hom uiteindelik ook vind (Matteus 7:7)!

(11) Hebreërs 13:5-6.

God sal jou nooit begewe en jou nooit verlaat nie.

Aanbidding.

Vra elke groeplid om met één van hierdie Bybelverse God te aanbid en Hom te dank vir sy trou.

|   |                  |                                       |
|---|------------------|---------------------------------------|
| 3 | DEEL (20 minute) | [STILTETYE]<br>HANDELINGE 8:1 – 11:18 |
|---|------------------|---------------------------------------|

**Maak beurte** en **deel/vertel kortliks** (of lees van) jou notas wat jy geleer het uit een van jou stiltetye uit die voorgeskrewe Bybelgedeeltes (Handelinge 8:1 – 11:18). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie bespreek wat hy deel nie.

|   |                      |  |
|---|----------------------|--|
| 4 | ONDERRIG (70 minute) | [VERHOUDINGS]<br>VERLIEFDHEID, VERHOUDING HÊ (GEKYS WEES) EN VERLOWING |
|---|----------------------|--|

Die hele menslike lewe is heilig en kosbaar vir God. Ook in die spesiale verhouding tussen mans en vrouens kan jy God verheerlik deur op 'n heilige en eerbare manier met verhoudings om te gaan. Hierdie studie gee inligting en praktiese

wenke/voorstelle wat jy sou kon toepas op drie terreine in jou eie lewe: (1) kennismaking, (2) vriendskap en verhouding hê (gekys wees)<sup>1</sup> en (3) verlowing.

## A. DIE VERSKIL TUSSEN VERLIEFDHEID EN OPREGTE LIEFDE

### 1. Verliefdheid.

Ons leef in “die eeu van die Romantisisme”. Mense wat ’n verhouding begin, verwag onmiddellik ’n intieme verhouding. Tog beland baie verhoudings op die rotse omdat liggaamlike en emosionele intimiteit onvoldoende blyk te wees om ’n huwelik in stand te hou. Hierdie “verliefdheid” is die soort “liefde” (Grieks: erós) waarin ’n man en ’n vrou hulle liggaamlik, emosioneel en sosiaal aangetrokke voel tot mekaar. Hulle droom en fantaseer oor mekaar en wil graag die hele tyd by mekaar wees en aan mekaar raak.

In jou tienerjare ontwikkel die hormone in jou liggaam en laat duidelik blyk dat hulle daar is. As tiener word jy gou verlief en dikwels op verskillende persone. En elke keer dink jy: “Dis die regte persoon vir my! Met hom/haar sal ek graag wil trou!” Maar ’n bietjie later, as jy hom/haar bietjie beter leer ken, is hy/sy minder aantreklik en verdwyn jou gevoel van verliefdheid. Hy/sy was toe tóg nie die regte een nie. Dan kom jy agter dat jou gevoelens jou mislei het! *Verliefdheid is ’n lekker gevoel, maar ’n slegte raadgewer!* Gevoelens is onvoorspelbaar en veranderlik. Gevoelens van verliefdheid is eintlik selfsugtig en nie regtig op die ander gerig nie. Vir ’n goeie verhouding het jy ’n ander onwankelbare en onveranderlike basis nodig – naamlik die “agapé”-liefde!

### 2. “Agapé” liefde.

Daar bestaan vier soorte van ‘liefde’:

- **Geneentheid (Grieks: storgé)** is die liefde van ouers vir hul kinders en van kinders vir hul ouers.
- **Vriendskap (Grieks: filia)** is die liefde van vriende vir mekaar.
- **Erotiese liefde (Grieks: erós)** is die liefde van ’n egpaar in hul huwelik.
- **Selfopofferende liefde (Grieks: agapé)** is die liefde van God wat Hy ook in die harte van sy kinders uitstort.

Die natuurlike mens besit die eerste drie soorte liefdes, maar omdat die mens sondig is, is sy drie soorte liefdes ook sondig (dit mis God se doel). Byvoorbeeld, ’n moeder se geneentheid kan haar volwasse kind nie loslaat nie; ’n paar vriende kan saamkoek en ’n kliek vorm waarby ander mense uitgesluit word; mans en vrouens kan seks buite die huwelik bedrywe. Al drie hierdie natuurlike liefdes benodig die vierde liefde van God om gebalanseerd en mooi te word. Die vierde liefde (agapé) is nie natuurlik nie, maar word alleen deur die Heilige Gees in die hart van ’n wedergebore Christen uitgestort (Romeine 5:5).

“Agapé” is die Griekse woord vir “liefde” in die Bybel. Agapé is die liefde wat God vir ons het en wat ons ook vir andere behoort te hê (Markus 12:30-31)! Agapé is geduldig, vriendelik, tevrede, verdraagsaam, onselfsugtig, vergewend, vertel die waarheid, is getrou en lojaal en het deursettingsvermoë (1 Korintiërs 13:4-8).

Agapé het die ander persoon lief vir wie hy of sy is, nie vir wat jyself uit die verhouding kan kry nie. Agapé-liefde is onselfsugtig en selfopofferend. Agapé bou die ander een op in plaas van hom/haar af te breek. Agapé help die ander een om die beste persoon in God se oë te word. Agapé kan wag in plaas van onbeheersd vorentoe te storm. En agapé kan ’n heerlike en blywende liefde in jou lewe word, terwyl gevoelens van verliefdheid kom en gaan.

Die doel van twee mense wat met mekaar uitgaan of gekys is, is om ’n gesonde en blywende (agapé) verhouding te ontwikkel. Jy deel meer en meer jou gedagtes, gevoelens en besluite met mekaar. Jy deel ook jou waardevolste verhoudings met mekaar, soos jou verhouding met God, jou ouers en vriende. Die doel van ’n verhouding hê (gekys wees) is om so uit te vind of God wil hê dat julle met mekaar sal trou. Die gevolg van ’n gesonde (agapé) verhouding sal egte vriendskap en opregte (onselfsugtige) intimiteit wees. Liggaamlike intimiteit (binne die juiste grense) is dus nie die doel van jou verhouding nie, maar is ’n gevolg van die agapé-liefde.

## B. BEGIN MET DIE PERIODE VAN KENNISMAKING: DOEL: VRIENDE MAAK EN MEKAAR LEER KEN

### 1. Beoefen jou verantwoordelikhede as wedergebore Christen, as broer/suster en as vriend/vriendin.

Die mens en die menslike lewe is heilig en kosbaar in God se oë. Dit maak nie saak of ons werk, studeer, sport beoefen, met geestelike aktiwiteite besig is of met vriende omgaan nie. Daarom het die manier waarop ons met ons sintuie en geleenthede omgaan, so ’n groot invloed op wie ons is en wat ons doen.


***Wat ons dink (waarheid of leuen) het ’n groot invloed op hoe ons voel.***

En hoe ons voel het ’n groot invloed op hoe ons aantrek en hoe ons ons gedra. Die toestand van ons menslike gees het ’n groot invloed op hoe ons met ander mense omgaan.

***Ons kan ook niks met ons liggaam doen sonder dat dit ’n effek het op hoe ons dink of voel nie.***

<sup>1</sup> ’n “item” is

Vriendskap tussen Christene is om met mekaar om te gaan as “Christene”, d.w.s. dat julle met mekaar omgaan asof julle één familie, broers en susters, is. En uit hierdie vriendskapsverhoudings met Christene kan ’n spesiale vriendskap ontstaan. Hierdie verhouding as Christene bly ook bestaan as julle met mekaar uitgaan, gekys is of getroud is. Behalwe om ’n vriend/vriendin te wees, bly die ander persoon altyd jou boetie/sussie in Christus. Die doel van ’n gesonde vriendskap tussen Christene is om mekaar op te bou en nie af te breek nie. So word ook die Liggaam van Christus (die wêreld- wye Gemeente) opgebou.



- (1) **Christen + Christen**  
 (2) **broer + suster**  
 (3) **vriend + vriendin**  
 (4) **man + vrou**

Wat hou dit in? Dit hou in dat jy as Christen verskillende verantwoordelikhede het:

- as ’n wedergebore Christen (in die periode voordat jy aan ’n verhouding dink)
- as haar broer/sy suster (in die periode van kennismaking)
- as haar vriend/sy vriendin (in die periode van gekys wees)
- en uiteindelik ook as haar man/sy vrou (in die periode van getroud wees)!

Die verantwoordelikhede van elke nuwe periode kom steeds by. Die vorige verantwoordelikhede bly voortbestaan.

(1) Jou verantwoordelikheid as ’n Christen:

- Jy moet wedergebore wees (Johannes 3:7)
- Jy moet God se wil doen (Markus 3:35)
- en jy moet Jesus Christus soos sy dissipel volg (nie as ’n onvolwasse Christen nie)(Lukas 9:23-26).

(2) Jou verantwoordelikheid as haar broer (of sy suster).

- Jy moet toesien dat sy/hy nie van die Lewende God afdwaal of verhard raak deur die verleiding van sonde nie (Hebreërs 3:12-15).
- Julle moet mekaar aanspoor tot liefde (in verhoudings) en goeie werke (in aktiwiteite) (Hebreërs 10:24-25).
- Julle moet mekaar onderrig en korrigeer (Kolossense 3:16).
- Julle moet mét en vír mekaar bid (Romeine 15:30).
- Julle moet met mekaar saamstry en ly vir die Christelike Geloof (Filippense 1:27-29).
- Julle behoort met mense van die ander geslag op ’n respekvolle (rein) wyse om te gaan (1 Timoteus 5:1-2).

(3) Jou verantwoordelikheid as haar vriend (of sy vriendin).

- “Probeer te wete te kom wat die Here wil dat julle moet doen” (Efesiërs 5:17): met mekaar trou of nie.
- Onthou: ’n goeie huwelik word in die hemel gemaak. “Wat God saamvoeg, mag die mens nie skei nie” (Matteus 19:6).
- Onthou: die Here is die belangrikste Getuie by jou huweliksbevestiging. “The LORD is acting as the Witness between you and the wife of your youth, ... the wife of your marriage covenant” (Maleagi 2:14 NIV).

(4) Jou verantwoordelikheid teenoor iemand wat nie opreg (in die geloof) is nie.

- Julle behoort kontak te vermy met mense wat ’n slegte invloed op julle het (Spreuke 4:14-15, Efesiërs 5:3-7)
- Jy behoort jouself te onttrek van elke situasie van versoeking (2 Tessalonisense 3:6-7; 1 Korintiërs 5:9-13).

## 2. Wenke vir die ontwikkeling van vriendskap tussen Christene.

(1) Sluit aan by ’n groep Christene.

Om ’n goeie vriendskap te ontwikkel met één persoon van die teenoorgestelde geslag wat uiteindelik daartoe kan lei dat julle gekys raak en trou, help dit om eers goeie vriendskappe te ontwikkel met ’n aantal mense uit beide geslagte. Dit kan jy die beste doen in ’n Christelike groepsverband. Dan is daar baie ander meisies (of mans) wat jy met mekaar kan vergelyk, om uiteindelik ’n beter keuse te maak. Terwyl julle mekaar as broers en sussies of vriende ontmoet, saam met mekaar groei en in die bediening werk, ontdek jy die persoonlikheid en die karakter, die sterk- en swakpunte van ’n klomp mense van beide geslagte. Jy kom ook agter watter verhouding die persoon met Jesus Christus en met ander Christene het. En jy ontdek watter invloed die persoon op mense en veral op jouself het. Sluit dus aan by so ’n groep gesonde Christene!

(2) Leer om as groep saam te praat oor verskillende onderwerpe.

Praat met mekaar in die groep oor julle verhouding met Jesus Christus en in die besonder oor hoe julle die Bybel en die waarhede van die Bybel beskou. As jy geleer het om jou geloof in groepsverband te bespreek, sal jy dit ook doen as jy uit beweeg, tydens jou hofmakery en jou huwelik.

(3) Doen dinge saam as ’n groep.

Neem deel aan geestelike aktiwiteite, soos ’n Bybelstudiegroep, gebedsgroep, help met Sondagaktiwiteite vir kinders (hoër- en laerskool) van die kerkgroep waar julle aanbid, ens. Pak dinge saam as groep aan. Gaan as ’n groep saam uit om te eet en sportbyeenkomste by te woon of saam te gaan deelneem, of saam na ’n konferensie te gaan of as ’n groep saam vakansie te hou.

### 3. Maak sewe belangrike besluite alvorens jy 'n verhouding met iemand van die teenoorgestelde geslag begin.

Omdat die christelike huwelik lewenslank is (Maleagi 2:14-16), moet elkeen van julle sewe duidelike besluite neem voordat julle 'n verhouding met iemand van die teenoorgestelde geslag begin:

(1) Wil jy trou, of nie.

**Lees** 1 Korintiërs 7:1-7,32-35; Matteus 19:10-12.

Die voordele van ongetroud bly is dat jy jou heeltemal kan toewy aan Christus en sy Koninkryk, en ook nog baie geestelike kinders kan hê (Jesaja 54:1-5). Die nadele is dat jy eensaam kan word, 'n helper gaan mis en deur hartstog verteer kan word (1 Korintiërs 7:9).

Of besluit dat jy voorlopig geensins 'n verhouding met iemand van die teenoorgestelde geslag wil begin nie, sodat jy vry is om jouself te ontwikkel, jou studies af te handel, ervaring in die buiteland op te doen of jou finansies reg te kry.

(2) Trou alleen met 'n weergebore vrou (man).

**Lees** 1 Korintiërs 7:39; 2 Korintiërs 6:14-7:1.

God verbied 'n huwelik met 'n ongelowige of nie-christen. 'n Ongelowige trek meestal 'n gelowige weg van Christus (Deuteronomium 7:3-4). 'n Christelike huwelik is 'n voortdurende getuienis vir die wêreld van die verhouding tussen Jesus Christus en die Gemeente (Efesiërs 5:22-25) en daardie getuienis mag nie onduidelik wees nie.

(3) Trou net met iemand wat jy baie goed ken.

**Lees** Spreuke 27:19,23.

Dis baie belangrik dat jy die ander persoon baie goed leer ken het, veral sy hart (denke, gevoelens, besluite en keuses) en sy geestelike toestand. Tree nooit in die huwelik met iemand wat jy nie baie goed leer ken het nie.

Vind uit of daar in die lewe van die ander persoon of in sy familie probleme is: geestelik (bv. afwykende beskouings/sektaries), sosiaal (bv. egskeiding), psigologies (bv. depressie, outisme) of fisies (bv. verslawing).

Ontdek die ander se lewensgeskiedenis, opvoeding, kultuur, bekering, geloofsoortuiging, waardes, sterk- en swakpunte, persoonlikheid, karakter, familie en vriende.

(4) Trou alleen met iemand wat selfbeheersing beoefen.

**Lees** Tessalonisense 4:3,4,7; Hebreërs 13:4.

Kom agter of die ander persoon hom/haarself kan beheer op die volgende terreine: emosies (woede), drange (seks), eet en drink, geld spandeer, ens. "Wat 'n mens saai, sal hy ook oes" (Galasiërs 6:7-8).

(5) Trou alleen met iemand wat dieselfde lewensdoele het.

**Lees** Amos 3:3; Matteus 6:33; Filippense 1:27.

Als julle nie dieselfde doele in die lewe het nie, sal julle in verskillende rigtings uit mekaar trek. 'n Christen soek veral eers die Koninkryk van God en wat reg is in God se oë (Matteus 6:33) en stry saam vir die geloof in die evangelie (Filippense 1:27; Filippense 2:2-4).

(6) Trou net met iemand wat haar (sy) duistere verlede opgeruim het.

**Lees** Eksodus 20:5-6. Die beginsel wat in Eksodus 20:5-6 geleer word, word in die lewe van Dawid en sy seun Amnon (2 Samuel 11:2-4 en 2 Samuel 13:10-14) en in die geskiedenis van Atalia en haar seun Ahasia (2 Kronieke 22:2-4) geïllustreer. Die beginsel is dat onopgeloste probleme tussen jou en jou ouers (broers, sussies, vriende, leraars, kollegas, ens.) later probleme word in jou huwelik, tensy die betrokke probleem onder oë gesien word en daar genesing gekom het!

Hoe kan een verkeerde verhouding in die familie van jou ouers later 'n probleem in jou eie familie word? Byvoorbeeld, die manier hoe 'n man of vrou hulle ouers behandel sal waarskynlik ook die manier wees waarop hulle later mekaar sal behandel. As jy iemand nie kan vergewe nie, sal God jou ook nie vergewe nie (Matteus 6:14-15). 'n Onvergewensgesinde mens word 'n verbitterde mens wat baie ander rondom hulle met hul bitterheid besmet (Hebreërs 12:15).

Die oorsaak van 'n probleem en die slegte gevolge in die verlede moet onder oë geneem word en daar moet eers genesing daarvan kom. Gebroke verhoudings moet herstel word. Gevoelens wat seergekry het, moet weer genees word. God se genade is groot genoeg om elke sonde uit die verlede te vergewe (bv. seksuele immoraliteit, die gebruik van dwelms, finansiële oneerlikheid en ongerymdhede, stukkende sosiale verhoudings, ens.), om elke gebroke verhouding in die verlede te herstel en elke seergemaakte gevoel te genees. Deur God se genade kan jy groei tot 'n geestelike, emosionele en sosiaal gesonde en volwasse persoon.

(7) Trou slegs wanneer julle beide daarvoor reg is.

**Lees** Prediker 3:5; 8:5b-6a; 1 Korintiërs 13:4.

Daar is 'n tyd vir elke ding. Wie wysheid het, weet wanneer en hoe hy moet handel. Elke ding het sy tyd en sy manier." 'n Wys persoon kan raaksien wanneer is die regte tyd om te trou, bv. wanneer jy jou studies voltooi het, 'n loopbaan het waar jy genoeg geld verdien, genoeg lewenswysheid geleer het EN 'n gehoorsame dissipel van Jesus Christus geword het. Die ware liefde kan wag (1 Korintiërs 13:4)!

#### 4. Wenke vir wanneer jy verlief raak.

As jy verlief raak, moet jy eers leer om te onderskei tussen gevoelens en feite. Word jou gevoelens wakker gemaak deur haar (sy) uiterlike skoonheid of hou jy van haar (hom) vir wie sy (hy) as persoon is (met agape-liefde)? Die Bybel waarsku om nie oorhaastig te wees en 'n fout te maak nie (Spreek 19:2-3), maar om ondersoek te doen en wysheid te soek (Prediker 7:25-26).

Voordat jy die ander persoon nader, doen eers die volgende:

(1) Bid tot God met betrekking tot haar (hom).

Vra God om jou te help om haar (hom) reg te leer ken en om jou opregte liefde (agape) aan haar (hom) te gee as dit sy wil is. Of, as dit níe sy wil is nie, jou gevoelens van aangetrokkenheid tot haar (hom) weg te neem. Bid dat jy verder sien as wat jou oë of gevoelens jou toelaat.

(2) Leer die persoon werklik ken.

Leer wie die persoon is in verskillende omstandighede en in groepsaktiwiteite, sonder om jou gevoelens aan haar (hom) bekend te maak. Neem waar, luister en bid. Ontdek wie die persoon in werklikheid is in haar (sy) verhouding met God, met ander mense en met haar- (hom)self. Leer haar (sy) persoonlikheid en karakter, haar (sy) sterk- en swakpunte, en veral haar (sy) invloed op jou en ander mense ken.

Hoe weet jy of iemand vir jou goed is? Stel jousef die volgende vrae:

- Is sy (hy) iemand met Bybelse oortuiging wat my stimuleer in my verhouding tot God (Jesus Christus) en mense?
- Is sy (hy) iemand wat 'n goeie invloed op my uitoefen? Is sy (hy) een wat maak dat ek blyer, sinvoller, meer kreatief en pittiger gaan leef?
- Het sy (hy) selfbeheersing en vra sy (hy) selfbeheersing van my?
- Is sy (hy) iemand wat my nooit verkleineer nie, maar my sterk opbou?
- Is sy (hy) iemand wat na my luister, my ernstig opneem en my aanvaar?
- Is sy (hy) iemand wat altyd te besig is en nie tyd vir jou het nie, of is sy (hy) beskikbaar?
- Is sy (hy) teruggetrokke (geslote) of toeganklik? Kan ek altyd na haar (hom) toe gaan om te praat of om advies te vra?
- Is sy (hy) iemand by wie ek altyd tuis voel, met wie ek kan lag, huil en enige ding kan doen?
- Is sy (hy) iemand wat eerlik en opreg is, wat die waarheid praat en niet haar (hom) anders voordoen as wat sy (hy) werklik is nie?
- Het sy (hy) 'n gesonde selfbeeld?
- Is sy (hy) iemand met selfrespek en respek vir andere? Hoe praat sy (hy) oor andere (bv. oor haar familie en vriende)?
- Is sy (hy) iemand wat haar (sy) vriende met my wil en kan deel?
- Is sy (hy) iemand wat my nooit uitsluit nie, maar juis betrek in gesonde verhoudings?
- Kan ek agterkom dat ek haar (hom) goed doen en bydra tot haar (sy) welsyn?

(3) Vra advies met betrekking tot hierdie persoon.

In geestelike sake (jou verhouding tot God) en sake van die hart (jou verhouding tot die teenoorgestelde geslag) vra altyd advies van Christene wat meer volwasse en wys is as jyself. Of van jou geestelike leier, wat beide van julle goed ken (Spreek 19:20-21). Maak feite oor die persoon bymekaar, om jou te help om uit te vind of jou gevoelens oor die persoon gebaseer is op feite of nie.

(4) Moenie uitgaan met 'n ongelowige nie!

As jy tog verlief raak op 'n ongelowige, gaan dan *nie* met haar (hom) alleen uit nie, en kom nie naby haar(hom) nie (2 Korintiërs 6:14 - 7:1; Deuteronomium 7:3-4). Nooi haar (hom) uit na christelike byeenkomste, stel haar (hom) voor aan ander Christen vrouens (manne) wat haar (hom) vir Christus kan wen. Dis beter om nie-Christene van die teenoorgestelde geslag wat jy aantreklik vind alleen in 'n groep te ontmoet. Moet nooit instem om die groep te verlaat nie.

As jy verlief is op 'n mede-Christen, volg hier 'n paar praktiese idees vir die periode van kennismaking en vir die periode van spesiale vriendskap (gekys wees) wat julle sou kon toepas.

#### 5. Wenke vir die periode van kennismaking.

“Kennismaking” verwys na die fase van vriendskap in groepsverband. Dan begin julle mekaar te ontmoet, mekaar beter te leer ken en julle vriendskap uit te brei *sonder* liggaamlike intimiteit. Die doel is om feite bymekaar te maak om jou te help met die besluit of jy verder sal gaan met die verhouding of nie.

(1) Benadering.

As jy opreg geïnteresseerd raak of verlief word, sou jy die volgende kan doen:

- Onderskei tussen verliefdheid en egte liefde (agapé).
- Vra raad van 'n volwasse gelowige wat julle beide persoonlik ken.
- Vra haar (hom) of sy (hy) gewillig is dat julle mekaar beter leer ken.

- As sy (hy) instem, spreek dan met mekaar af om mekaar op 'n bepaalde tyd (bv. eenmaal per week) op 'n neutrale plek te ontmoet waar daar ook ander mense is.
- In sommige kulture waarin dit onaanvaarbaar is om mekaar in die openbaar te ontmoet, ontmoet mekaar dan in die huis en onder die toesig van haar ouers of van 'n oudste (ouderling, leier) van die gemeente.
- As julle families 'n huwelik reël, ontmoet mekaar dan in die huis van een van julle ouers, in hulle teenwoordigheid of onder hulle toesig ten einde mekaar goed te leer ken. Vind veral uit of die ander een 'n wedergebore Christen is of nie!

#### (2) Praktiese aktiwiteite

Moenie vergeet om die geloofsoortuigings, toekomsdrome en besonderhede van die ander te leer ken nie.

Hieronder volg nog 'n paar praktiese wenke vir selfbeheersing.

- Geen liggaamlike kontak. Dis beter om voorlopig nog geen liggaamlike kontak te hê nie. Verliefdheid kleur liggaamlike kontak en kan veroorsaak dat jy deur jou emosies gevang word. Jy wil tog vry wees om jou eie oortuigings te ontwikkel en goeie besluite te neem?
- Geen bindende afsprake. Dis beter om nog geen bindende afsprake met mekaar te maak of bepaalde verwagtinge van mekaar te hê nie. Praat van jou verhouding as "(belangstellings) vriendskap" in plaas van "gekys wees". Dit kan help om die druk wat ander mense op julle uitoefen te verminder.
- Moenie fantaseer nie. Dis beter om nie oor mekaar te fantaseer nie en nog nie oor julle gevoelens van verliefdheid vir mekaar te praat of hulle te uiter nie. Wag totdat julle albei reg is daarvoor. "Moenie die liefde wakker maak en aanvuur voor die tyd daarvoor ryp is nie" (Hooglied 2:7). As julle te vroeg begin om julle verliefdheid uit te druk in woorde of deur aanraking, kan jy onrealistiese verwagtings by die ander persoon skep en mekaar baie seermaak. Julle is vriende en voorlopig niks meer nie.

#### (3) Beëindiging

Hierdie periode eindig wanneer één of beide van julle voel of glo dat julle die kennismaking om een of ander rede moet beëindig. Julle kan dan gewoon broer en suster in Christus bly.

Maar as julle albei glo dat julle die belangstellings vriendskap moet verander in 'n spesiale vriendskap, kan julle besluit om 'n periode van gekys wees te begin.

### C. DAN KOM DIE PERIODE VAN GEKYS WEES: DOEL: UITVIND OF GOD WIL HÊ DAT JULLE TROU.

#### 2. Wenke vir die periode van gekys wees.

"Gekys wees" beteken om 'n sterk vriendskap op te bou met die oog op 'n moontlike huwelik in die toekoms. Die doel is om te ontdek of dit God se wil is dat julle met mekaar trou of nie (Efesiërs 5:17).

#### (1) Benadering

- Julle spreek af dat julle van nou af spesiale vriende is en dat julle officieel gekys is (mekaar se spesiale vriend en vriendin is)
- Vertel duidelik aan andere dat julle gekys is.
- Ontwikkel openlik julle verhouding, maar binne julle duidelik afgespreekte grense.
- In 'n kultuur waar 'n man en 'n vrou mekaar nie in die openbaar mag ontmoet nie, behoort die man die vrou alleen te ontmoet onder toesig van en in die huis van die ouers van die meisie of 'n ouderling (leier) van die gemeente
- As julle huwelik gereël word deur familie, ontmoet mekaar dan alleen in die huis en onder toesig van die ouers van die vrou

#### (2) Praktiese aktiwiteite

- Stel grense. Stel saam 'n paar duidelike grense vir julle verhouding vas. Dit moet duidelik gebaseer wees op wat God in die Bybel sê, op wat gepas is in jou kultuur en op wat julle albei help.
- Grense m.b.t. die volgende sake is verstandig:
  - Tyd. Hoe dikwels en hoe lank is julle bymekaar? Tot hoe laat is goed?
  - Plek. Op watter plek ontmoet julle mekaar? Waar besluit julle om **nie** heen te gaan nie?
  - Liggaamlike aanraking. Watter liggaamlike aanraking is goed en mooi in God se oë, nie onaanvaarbaar in julle kultuur nie en opbouend vir beide van julle? Watter aanraking is goed en mooi in die Bybel, maar miskien nie opbouend vir jou vriend(in) nie? Bespreek dit met mekaar.
  - Aktiwiteite. Wat doen julle saam? Watter dinge besluit julle om **nié** te doen nie? Belowe mekaar in die teenwoordigheid van God as Getuie om nie die grense wat julle met mekaar ooreengekom het te oorskry nie, maar juis mekaar aan te moedig om julle by daardie grense te hou (1 Tessalonisense 4:3-8). Dan sal julle respek vir mekaar groei.
- Bou op. Stimuleer mekaar om geestelik te groei, bou mekaar se karakter op, dien God saam en ontwikkel saam vriendskappe met ander mense.

- Moenie verwagtings skep nie. Bespreek 'n moontlike huwelik alleen as julle albei daartoe instem. Anders skep jy verwagtinge wat spanning veroorsaak en lei tot valse beloftes.

(3) Beëindiging

Hierdie periode eindig wanneer één of beide van julle voel of glo dat julle jul spesiale verhouding om een of ander rede moet beëindig. Julle is nie verplig om julle oorwegings bekend te maak nie. Julle kan dan besluit om mekaar voorlopig of glad nie meer te sien nie of weer gewoon vriende te bly. Dis gewoonlik pynlik, maar baie beter as om later 'n huwelik te verbreek.

As julle albei glo dat God wil hê dat julle met mekaar trou, sou julle verloof kan raak.

**D. UITEINDELIK KOM DIE PERIODE VAN VERLOWING:  
DOEL: VOORBEREIDINGS MAAK VIR JULLE TROUDAG.**

**3. Wenke vir die periode van verlowing.**

“Verlowing” beteken dat julle mekaar *plegtig belooft* om met mekaar te trou, dus *nie meer beskikbaar* is nie (vgl. Engels: engagement) en dat julle met jul voorbereidings vir jul huweliksluiting begin het.

(1) Benadering

- Maak 'n plegtige belofte om lewenslank in die huwelik verbind te bly.
- Stel 'n datum vir die huweliksbevestiging vas en berei goed voor vir die huweliksplegtigheid.
- Julle familie en vriende sal dit baie hoog op prys stel as hulle deel mag wees van julle huweliksbevestiging.
- Moenie die verlowingsperiode te lank maak nie, sodat julle nie onnodig in versoekings kom nie.

(2) Praktiese aktiwiteite

- Bespreek julle persoonlike verwagtings m.b.t. tot saam leef en saam werk. Wees heeltemal openlik met mekaar oor julle verwagtings van mekaar op elke terrein van julle verhouding. Bespreek sake soos: julle toekomstige woning, lewensstyl, toekomstige gemeente (kerk), en bediening vir God, julle verhouding tot julle ouers en skoonouers, julle loopbaan en werk, julle finansies, en julle verwagtings m.b.t. seks en kinders.
- Moenie duistere geheime uit die verlede vir mekaar wegsteek nie. Wees eerlik oor julle slegte ervarings uit die verlede, en, as dit nodig is, bely julle sondes teenoor mekaar en vergeef mekaar (Jakobus 5:16).
- Hou by julle afgesproke grense. Julle sal meer selfbeheersing en toewyding nodig hê om mekaar rein te bewaar vóór julle huweliksbevestiging.
- Dis aanbevelenswaardig om julle ouers en gemeente te betrek in julle trouplanne.

(3) Beëindiging

Hierdie periode eindig wanneer één of beide van julle om die een of ander voel of glo dat julle die verlowing moet beëindig. Hoewel dit 'n pynlike gebeurtenis is, is 'n egskeiding baie erger!

As julle albei egter absoluut oortuig is dat julle met mekaar wil trou, tree dan in die huwelik en geniet die bruilofsfees!

|   |                  |   |
|---|------------------|---|
| 5 | GEBED (8 minute) | <i>[REAKSIE]</i><br><b>BID IN ANTWOORD OP DIE WOORD VAN GOD</b> |
|---|------------------|---|

***Maak beurte*** in die groep om ***met 'n kort gebed (van een of twee sinne) tot God te bid*** in antwoord op wat jy vandag geleer het. Of, verdeel die groep in groepies van twee en drie persone en bid met mekaar vir mekaar (Romeine 15:30; Kolossense 4:12)

|   |                          |  |
|---|--------------------------|--|
| 6 | VOORBEREIDING (2 minute) | <i>[OPDRAGTE]</i><br><b>VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS</b> |
|---|--------------------------|--|

Deel die voorbereiding vir die volgende keer uit op 'n stukkie papier of laat die groepslede dit uitskryf.

1. **Toewyding.** Wy jou daaraan toe om 'n dissipel te wees en dissipels te maak. Verkondig, leer en bestudeer die studie oor verlieftheid, gekys wees en verlowing met iemand anders of met 'n klein groepie mense.
2. **Persoonlike tyd met God.** Hou elke dag stiltetyd uit ongeveer 'n halwe hoofstuk van Handeling 11:19 – 14:28. Maak gebruik van die gunsteling waarheid metode. Maak aantekeninge.
3. **Bybelstudie.** Berei die volgende Bybelstudie tuis voor. (3) 1 Tesseloniese 4:1-8. Tema. Die verhouding met die teenoorgestelde geslag. Maak gebruik van die vyf stappe metode. Maak aantekeninge.
4. **Gebed.** Bid vir iemand of iets spesifiek hierdie week en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
5. **Hou jou notas op datum.** Sluit die notas oor aanbidding, stiltetyd, onderrig asook hierdie voorbereiding daarby in.